

GEWOONTE 1:

Sigbaar vier

Hierdie gewoonte help ons om gereeld die mylpale op God se reis met ons raak te sien, te waardeer en sigbaar te vier.



Praktyk #1. Sigbare vieringe



Op ons reis met God, met mekaar en met ons gemeenskap, ontdek ons as gemeente ons eie uniekheid, sterkpunte, moontlikhede en suksesse. Ons vestig gewoontes wat ons help om God se beweginge en mylpale op ons reis raak te sien, te waardeer en sigbaar te vier. Deurdat ons dit doen, word die gemeente uitgedaag om verder te groei en om mense en 'n gemeente te word wat met God se beweginge IN PAS kom om 'n sigbare verskil in ons wêreld te maak.



Die fokus val op sterkpunte, moontlikhede en suksesse, en nie op foute, probleme of leentes nie. Ons leef nie as gelowiges of gemeentes vanuit ons foute en tekortkominge nie. Ons leef en werk met die wete dat God wat die wêreld liefhet, ook ons lewens aanraak en vernuwe.



WENKE OM TE OORWEEG

Gemeenteleiers wat die belangrikheid van sigbare viering besef, sal deurlopend nadink oor die volgende vrae:

- Watter geleenthede skep die Gees op ons reis vir ons om te kan reflekteer en te vier?
- Hoe kan hierdie geleenthede prakties ten beste benut word en praktyke geskep word sodat gereelde refleksie en sigbare vieringe deel word van die lewe en bediening van ons hele gemeente?

1. Geleenthede vir sigbare vieringe

Wees sensitief vir die spesiale geleenthede op God se reis met ons:

- **Hoogtepunte en mylpale.** Wanneer is ons gemeente se volgende verjaarsdagviering? Watter ander hoogtepunte en mylpale skep die Gees vir ons op ons reis wat ons kan vier?
- **Geleenthede op ons kalender.** Watter spesiale geleenthede op ons kalender skep vir ons ruimte om God se handeling met ons te vier? Gemeentelike basaars, veertig-dae reise en die ritmes van die kerklike jaar skep wonderlike geleenthede om God se werk in en met ons te ontdek en dit te vier.

- **Nuwe geleentehede vir vieringe.** Watter nuwe geleentehede vir viering kan ons in die ritmes van ons gemeente begin vestig? Die meeste vieringe vind op 'n jaarlikse basis plaas. Probeer om ten minste een so 'n geleentheid per kwartaal te hou. Hier is 'n paar voorbeelde:

'n *Roeping Sondag* (party gemeentes noem dit *Visie Sondag*) aan die begin van elke jaar skep vir ons 'n geleentheid om te ontdek en te vier hoe God ons roep en stuur om deel te word van sy beweginge in ons wêreld.

'n *Kategese Sondag* skep geleentheid om te vier hoe God ons ALMAL leer en vorm - veral ook ons kinders. Maak helde van almal wat deel is van die geloofsvorming in ons gemeente.

Pinkster skep 'n ideale geleentheid om die gawes wat God vir almal van ons in gemeente gee, te ontdek en te vier.

'n *Kleingroep Sondag* vier hoe God ons vorm as 'n gemeenskap wat vir mekaar en vir die wêreld omgee.

Skep geleentehede om ons *trinitariese missionale* teologie te vier en te gedenk:

- ✓ *Inkarnasie* aan die begin van Advent. Ons dink na hoe God ons vorm om Jesus na die wêreld te volg. (As ons terugkyk oor die jaar wat verby is, hoe het God ons hierin gevorm, deure oopgemaak, ons sensitief gemaak...?)
- ✓ *Kenosis* aan die begin van Lydenstyd: Hoe vorm God ons sodat ons onself soos Jesus kan prysgee? Ons kan dit ook koppel aan die tradisionele vastyd in Lydenstyd.
- ✓ *In die krag van die Heilige Gees* (Pinkster). Hoe vorm en bemagtig die Gees ons vir ons roeping?
- ✓ *God se heerskappy en koninkryk* aan die begin van Koninkrykstyd. Hoe maak God ons deel van die deurbreek van sy koninkryk en heerskappy op aarde?

Nie-kerklike geleentehede soos *Moedersdag*, *Vadersdag*, *Vrouedag* en *Jeugdag* skep ook vir ons geleentehede om die bydrae van hierdie spesifieke groep in die koms van God se koninkryk te vier. *Erfenisdag* herinner ons byvoorbeeld aan die bydrae van die mense wat ons voorafgegaan het en op wie se werk ons voortbou.

- **Jaareinde vieringe.** 'n Afsluitingsfunksie met die kerkraad, gemeentelike leiers of bedieninge skep ideale geleentehede om te reflekteer en te vier. Nooi almal uit om na te dink oor die vraag: Watter gawes het die Gees vanjaar vir ons gegee? Gebruik die geleentheid om aan mekaar erkenning te gee vir die werk van die Heilige Gees in en deur ons.

2. Geleentehede vir refleksie

Refleksie is 'n belangrike onderdeel van viering. Nooi mense uit tot 'n oop gesprek oor die beweginge van die Gees op ons reis. Hierdie gesprekke kan oop gesprekke wees in die groter groep, of gesprek in kleiner groepe van 2-6 persone, of 'n kombinasie van die vorige twee.

Vra Godsvrae wat fokus op God se reis met ons, byvoorbeeld:

- Watter (groot) gebeure staan vir ons uit in die tydperk waaroor ons terugkyk?
- Waar was God helder en duidelik teenwoordig?
- Watter deure het God in hierdie tyd vir ons toegemaak?

Dit is baie belangrik vir gemeentes wat met 'n *IN PAS reis* wil begin, om reg aan die begin van die reis geleentheid te skep vir refleksie oor God se reis met ons tot op hede. Geen gemeente begin van nul af op hulle reis nie, en dit is goed om te ontdek hoe God oor tyd heen reeds in sy gemeente teenwoordig was en ons gevorm het en deel gemaak het van sy beweginge na ons wêreld. Dit is ewe belangrik om tydens en na

- Watter deure het God in hierdie tyd vir ons oopgemaak?
- Wat het ons van God ontdek?
- Wat het ons oor onself ontdek?
- Wat het ons oor ons gemeenskap en die mense in die gemeenskap ontdek?
- Watter unieke gawes het God vir my / ons gemeente / die gemeenskap gegee?
- Hoe het God ons oor die afgelope jaar (of oor tyd heen) gevorm vir sy sending na ons wêreld?
- Wat het ons God herhaaldelik vir ons hoor sê?

3. Ontwerp eredienste met die klem op viering

Die gemeente Lux Mundi het die praktyk geskep om aan die einde van elke jaar 'n dankie-sê erediens te hou. By só 'n geleentheid kry ons geleentheid om terug te kyk oor die jaar wat verby is en God se beweginge in ons midde sigbaar te vier. Ons benut ook die geleentheid om vir God en vir mekaar dankie te sê.

Die erediens is die hartklop van elke Christelike gemeente. Soos die hart vervul erediens 'n diastoliese- (die hart ontspan sodat die bloed in die hart instroom) en 'n sistoliese funksie (die hart trek saam en die bloed word in die bloedsirkulasie teruggepomp) in die lewe van die gemeente. Sondae (en soms ook op ander weekdae) ontspan die hart en stroom die lidmate die erediens binne om met die lewewende krag van die evangelie en opgestane Christus verryk te word. Na afloop hiervan word hierdie gelowiges in die daaglikse lewe teruggepomp vir die éintlike erediens – die erediens van die lewe!

Gemeentes wat leef met die passie om met die beweginge van die lewende God IN PAS te wees, doen moeite om eredienste te skep waartydens ons God se handeling in en deur ons sigbaar kan vier.

Vra julleself die volgende af:

- Hoe kan ons 'n liturgie ontwerp om God se geskenke (dit sluit mense en geleenthede in) en mylpale op ons reis met mekaar te kan deel en sigbaar te vier?